

DIE huldetoontelling vir Johannes Meintjes (1923-80) in RAU se Gencor-Kunssaal het betrekking op, soos Marina Hough dit in die katalogus stel, *Johannes Meintjes se estetiese van die innerlike*.

Daar is nie 'n duidelike verskil tussen Meintjes se vroegste en latere stukke op die tentoonstelling nie. Van vroeg af besit sy beste stukke iets magies en dit bly deurgaans die waarmerk van sy spesifieke siening.

Op 8 Augustus 1946 skryf hy in sy dagboek: "Ek sit en dink oor my onbewuste waarnemingsvermoë. Dikwels verbaas ek myself dat ek bepaalde dinge kan voorstel waaraan ek nog nooit bewuste aandag bestee het nie. Wanneer ek deur strate dwaal, al tref niks my besonderlik nie, maak ek eendag, selfs maande later, 'n voorstelling van iets wat ek toe gesien het. Ek het al baie skilderye gemaak wat gebaseer is op iets wat ek in 'n flits van 'n sekonde gesien het – *Die wit perd*, gesien deur 'n treinvenster en wat vier maande later eers geskilder is". Op die tentoonstelling is daar ten minste drie stukke waarin die perd die aura van 'n droomverskyning het:

Droom van Kaapstad (1948), *Landskap met boom en perde* (1952) en *Perd in maanlig* (1967).

Met dié openhartigheid in gedagte en gerugsteun deur die uitkenning van die jongelingskilder se gelaatstrekke in so baie van die portrette, begin jy verbande lê tussen Meintjes se dagboekinskrywings en sy skilderye. Geen middel-

die Stormberge besoek. "Ek was nog nooit so ontroer deur die skoonheid van 'n landskap nie: die kleur, uitgestrektheid, naaktheid, groot patrone en vorms, die suiwerheid van lyn, die heldergroen van lande, damme wat blouwit in die sonlig skitter. En die lug is kristalsuiwer." Dit is die landskap van sy Karoo-vertolkings en spesifiek

meer hom op: "die dam is dolleeg, die groot ou wilgerbome uitgedor. Een van die bome is deur die weerlig getref, pikswart, hol, oopgekloof, met 'n gat soos 'n mensfiguur in die stam." Teen 1952 skilder Meintjes *Landskap met boom en perde*. Daarin herinner die boom 'n mens aan sy beskrywing. Dit is insiggewend dat die skouers

plaaslandskappe voor-
kom.

Meintjes is 'n fenomen in die Suid-Afrikaanse skilderkuns. Al lees sy oeuvre soos 'n kompendium van die New Group en al bederf 'n eenselwige palet en sentimentaliteit sy vertolkings van seuns en minnaars verras die eiesoortigheid van sy aanslag. In die periode 1942-52 steun hy swaar op die voorbeeld van ander Suid-Afrikaanse skilders wat hy bewonder soos Maggie Laubser, Irma Stern, Alexis Preller en Cecil Higgs. Hy erken die eiesoortigheid in hulle werk deur daarby aan te sluit. Dit is die bron van sy besieling wat swaarder weeg as dit wat hy in die buiteland leer ken. (Kan sy gewildheid in Suid-Afrika hieraan toegeskryf word?)

Selfs wanneer 'n mens dink nou kan jy 'n buitelandse inslag aantoon – Magritte s'n (*Die generer*, 1937) – het jy jou misreken. Meintjes se *Voëlverkoper* (1958) word 'n verbeeldingsvlug waarin gevangenskap opgehef word wanneer die draadkou met voëls en al aan sy eie drade bokant die verkopertjie se kop sweef.

□ Die tentoonstelling
duur tot 6 Julie.

Johannes Meintjes, 'n eensame jongeling

jarige (self)portret kom hier voor nie en almal lyk – met die uitsondering van sy moeder (1947) en sy suster, *Slapende Ernestine* (1939) – na die jong skilder. Meintjes sou nooit die eensaamheid van die jongeling afswear nie. (Judith Gluckman merk tereg by 'n skildery wat Meintjes van 'n seunsfiguur by die see gemaak het, op: "There you have all the loneliness of youth".)

Die landskap vir sy figuur kom amper deurgaans ooreen met dit wat hy beskryf op 7 Januarie 1945 wanneer hy saam met sy moeder en Ernestine die familieplaas in

Plaasseun (1978) en *Landskap met rose* (1977). Die groot blou watervlak in laasgenoemde stuk verleen aan die tafelpoot (onderstuk) 'n optiese kwaliteit soos van 'n lugspieëling. Trefend is die spel tussen waarneming van 'n feit en 'n hersenskim. Net sodra jy aanvaar dat die blomme en vaas op die ronde tafelblad alledaagse en stilstande voorwerpe teen 'n onveranderlike landskap is, begin hulle weer sweef.

Toe Meintjes as jongman terugkeer na sy geboorteplek Groot-zee-koegat (Molteno) val nog

en kop van die figuur met geel begrens is sodat 'n natuurlike ligkrans ontstaan.

'n Magiese werking vind in Meintjes se skilderwerk plaas wanneer die oënskynlik gewone verander in die onwerklike. So gebeur dit dat 'n portret van 'n boervrouw in 'n vreemdsoortige stemmingstuk verander: *Vroue met huis* (1971). Drie vroue in die ruimte agter haar bewaak die wit huisie. Hulle smelt met hul skaduwees saam. Roerloos staan hulle om die huis soos die klip-heiningposte wat in baie van Meintjes se